

# SARS HERINNER BTW-ONDERNEMERS OM UITSTAANDE OPGAWES IN TE DIEN OF REGSSTAPPE IN DIE GESIG TE STAAR

**Pretoria, Vrydag, 22 Junie 2018** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) herinner ondernemers om hulle uitstaande Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) opgawes in te dien om administratiewe boetes en/of kriminele vervolging te vermy.

Ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011 (TAA), en spesifiek artikel 234(d), is dit 'n kriminele oortreding om nie 'n belastingopgawe, vir enige van die belastingsoorte waarvoor 'n belastingpligtige geregistreer is, in te dien nie. Die belastingsoorte is:

- Persoonlike inkomstebelasting (PIT)
- Maatskappye inkomstebelasting (MIB)
- Werknemersbelasting (LBS)
- Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Versuim om die opgawes in te dien, binne die toepaslike tydperk, kan lei tot administratiewe boetes wat per uitstaande opgawe gehef word. Dit kan ook lei tot kriminele vervolging wat tot 'n boete of tronkstraf kan lei.

Alle BTW-ondernemers met uitstaande opgawes, insluitend diegene wat versuim het om 'n verskuldigde opgawe vir die eerste keer in te dien, of nie 'n VAT201-opgawe betyds ingedien het vir die April/Mei 2018 BTW-tydperk nie, sal van vandag af deur SARS per SMS of e-pos herinner word om hulle uitstaande opgawes in te dien.

Om enige boetes, rente, vervolging, en selfs tronkstraf te vermy, word belastingpligtiges aangemoedig om hulle nakomingstatus reg te stel deur enige uitstaande opgawes so gou moontlik by hul naaste SARS-tak of deur eFiling by [www.sarsefiling.co.za](http://www.sarsefiling.co.za) in te dien.

Dit is belangrik om kennis te neem dat, sou enige opgawe belastingeskuld tot gevolg hê, die skuld voor die toepaslike sperdatum vereffen moet word om enige rente en regsaksie vir laat betaling te vermy. SARS sal seker maak dat terugbetalings betaal word, tensy daar 'n wetlike rede is om 'n betaling terug te hou.

Alle ondernemers word herinner om akkurate verklarings in te dien, omdat SARS kan besluit om 'n audit uit te voer.

Vir verdere uitklaring, kan belastingpligtiges die SARS-kontaksentrum skakel op 0800 00 7277.